

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 28

23 Augustus 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

GEBRUIK VAN SOSIALE MEDIA
In die tyd wat ons leef het die gebruik van sosiale media ‘n “inding” geword. Ons wil tog ons ouers waarsku teen die gevare daarvan veral vir ons kinders. Eerstens mag kinders onder die ouderdom van dertien nie registreer op facebook nie en nog minder op whatsapp. As enige onaanvaarbare materiaal dus op leerders se selfone gekry word gaan die ouers aanspreeklik gehou word.

Kontroleer tog gereeld u kinders se selfone om seker te maak dat daar nie materiaal op is, wat hulle en u aan vervolging kan blootstel nie.

GESINSKAMP 6 SEPTEMBER 2019
Ons is baie opgewonde oor die gesinskamp wat by Willows gaan plaasvind. Die belangstelling was van so aard dat ons slegs 4 enkel staanplekke en 3 dubbel staanplekke waarop twee gesinne kan staan, beskikbaar het. Soos u inbetaal volgens die voorskrifte op die omsendbrief reeds aan u deurgestuur, kan u ‘n staanplek kies. Reageer dus so gou moontlik om teleurstelling te voorkom indien u nog belangstel.

MNR. EN MEJ. NEWTONPARK: FOTO’S
Foto’s van die Mnr. en Mej. Newtonpark is beskikbaar en kan steeds op die skool se skootrekenaar in die voorportaal besigtig word. Bestelvorms sal langs die rekenaar geplaas word en u kan die bestelvorm saam met die kontant by Mev. Laas inhandig teen laatste Vrydag, 30 Augustus, wat die sluitingsdatum vir bestellings is. Ons wil u aanmoedig om gerus ‘n draai te kom maak om hierdie pragtige foto’s te kom besigtig en u bestelvorm in te vul.

GROEPFOTO’S (SPORT EN KULTUUR) : DONDERDAG 29 AUGUSTUS 2019
Ons wil u versoek om mee te help dat u kind sy/haar volledige sportuitrusting/provinsiale uitrusting, ens., op bogenoemde datum by die skool sal hê.

Die onderwyser/afrigter sal die korrekte kleredrag aan die betrokke leerlinge vooraf skriftelik deurgee. Slegs leerlinge wie korrek geklee is, sal afgeneem word.

Ons sal ongelukkig ook nie leerlinge op dié dag vanuit die Klerewinkel kan help nie en leerlinge sal ook nie tyd hê om by maats klere te leen nie! Ons vertrou u sal meehelp om teleurstelling vir u kind te voorkom.

U moet nie geld stuur nie. U betaal later slegs op bestelling.

BASAAR – TOMBOLATAFEL
Baie dankie vir die skenkings wat ons sover ontvang het vir die tombolatafel. Mev. Coetzee benodig egter steeds items vir die tombolatafel. Enige-iets wat u nie meer gebruik nie, wat heel en skoon is en wat 'n kinderhart kan bly maak, kan u na Mev. Coetzee toe stuur voor of op Woensdag, 28 Augustus. Baie dankie.

BASAAR: VRYDAG 30 AUGUSTUS 2019
Baie dankie aan almal wat reeds hard aan die werk is om van ons basaar op 30 Augustus 'n reuse sukses te maak. Diegene wat nog nie iewers betrokke is nie, is welkom om steeds aan te meld vir diens. Alle hulp ten opsigte van skenkings, arbeid en entoesiasme word hoog op prys gestel. U word herinner dat die kinders speletjies teen R35 sal kan speel vir die middag of R5 'n speletjie. Die speletjieskaartjies word op die dag van die basaar gekoop. Verwys ook na die inligtingstuk op D6 vir verdere inligting.

BLOEDSKENK: VRYDAG 30 AUGUSTUS 2019
Soos reeds genoem sal daar weer 'n geleentheid van 11:00 tot 18:00 in die skool se biblioteek om bloed te skenk op 30 Augustus 2019 wees.

VAKANSIENASORG: SEPTEMBER 2019
Die beheerliggaam het daartoe ingestem dat ons 'n opname maak om vas te stel hoeveel ouers 'n daadwerklike behoefte het om tydens die Septembervakansie van ons nasorgdiens gebruik te maak. Dit kan slegs aangebied word indien daar ten minste 10 kinders is wat daarvan gebruik wil maak.

Die kinders wat in ons nasorg is gaan op Maandag, 26 Augustus 2019 'n brief in verband met Septembervakansienasorg ontvang.

Indien u kind nie in ons nasorg is nie en u wil graag daarvan gebruik maak stuur asb. e-pos na admin@lnpark.co.za om vorm aan te vra.

Die voorgestelde tydperk is:

1. 23 September tot 27 September (4 dae). (Skole sluit Vrydag, 20 September 2019 en Dinsdag, 24 September is Erfenisdag.)
2. U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. 07:30-17:30, stiptelik te eerbiedig.

Die tarief beloop R 200 per kind (R 350 vir 2 kinders) en is vooruitbetaalbaar.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD

Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

TOELATING 2020: GRAAD 2 – 7

Op Dinsdag, 9 Julie 2019 is daar 'n brief aan elke ouer in verband met bogenoemde gestuur. Die personeelvoorsiening van Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Ons versoek u om asb. die skeurstrokie, onderaan daardie brief, te voltooi en onverwyld saam met R700 reserveringsfooi (per kind) skool toe stuur om sodoende te verseker dat u kind(ers) 'n plek het.

Die bedrag is voor/op 30 September 2019, betaalbaar. Hierdie bedrag is nie-terugbetaalbaar en sal as deel van die eerste betaling dien op u kind(ers) se skoolgelde vir 2020. Sodra die betaling ontvang word, sal u kind(ers) se inskrywing as afgehandel beskou word.

SKOOLGELDE 2019

Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde, so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se naam en van verskaf.

'n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

Wie genoeg kniel, sal op sy voete kan bly.
Roy B. Zug

Gebed is die kanaal waarlangs die Gees die onuitputlike bronne in God se voorraaddam na die klein poeletjie van ons lewe afvoer.
E. Stanley Jones

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 084693531

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 26 Augustus :
TOETS: NW graad 7
TOETS: LV graad 4 – 6
Klerewinkel: **07:30 – 12:00**
Kuns graad R – 2: **13:30 – 14:30**
Kuns graad 3: **14:00 – 15:00**
Kuns graad 4 – 7: **14:15 – 15:00**

Di – 27 Augustus :
Kuns graad R – 2: **13:30 – 14:30**
Kuns graad 3: **14:00 – 15:00**
Kuns graad 4 – 7: **14:15 – 15:00**
Skaak: graad 1 – 2: **13:30 – 14:15**
Skaak: graad 3 – 7: **14:20 – 15:15**
Tennis: Clarendon A teen LNP snr. A **(w)**
Tennis: LNP snr. B teen Mount Pleasant A **(t)**
Tennis: LNP jnr. A + B –los lootjie

Wo – 28 Augustus :
TOETS: Engels graad 4+6
TOETS: Afrikaans graad 5+7
Klerewinkel: **12:00 – 14:30**

Do – 29 Augustus :
Sport en Kultuur foto's
Dance Kids-ballet graad R: **13:15**
Netbal: 0/10 – los lootjie
Netbal: 0/11 – los lootjie
Netbal: 0/9 – los lootjie

Vr – 30 Augustus :
TOETS: Aardrykskunde graad 4 – 6
Klerewinkel: **07:30 – 12:00**
GEEN DRAMA
Bloedskenk 3
BASAAR
Blanco toer: 0/13A Rugby/Netbal

Sa – 31 Augustus :
Mount Pleasant Bulletjies & Blommetjies: Rugby + Netbal – 0/7 en 0/8
Blanco toer: 0/13A Rugby/Netbal

SPORT & KULTUUR

RUGBY – MOUNT PLEASANT DERBY-DAG

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
17 Augustus	0/7 Springbokkies	Mount Pleasant	LNP verloor 0 – 7
17 Augustus	0/7B	Mount Pleasant	LNP verloor 3 – 6
17 Augustus	0/8A	Mount Pleasant	LNP verloor 2 – 4
17 Augustus	0/8B	Mount Pleasant	LNP verloor 6 – 8
17 Augustus	0/9A	Mount Pleasant	LNP verloor 0 – 24
17 Augustus	0/11A	Mount Pleasant	LNP verloor 12 – 39
17 Augustus	0/13A	Mount Pleasant	LNP verloor 5 – 40

NETBAL – MOUNT PLEASANT DERBY-DAG

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
17 Augustus	0/7A	Mount Pleasant	LNP verloor 1 – 3
17 Augustus	0/7B	Mount Pleasant	LNP verloor 0 – 7
17 Augustus	0/9A	Mount Pleasant	LNP wen 10 – 1 Speelsters van die wedstryd: Die hele span
17 Augustus	0/9B	Mount Pleasant	LNP verloor 3 – 1
17 Augustus	0/10A	Mount Pleasant	LNP verloor 7 – 11 Speelster van die wedstryd: Leonic Maree
17 Augustus	0/11A	Mount Pleasant	LNP verloor 3 – 5
17 Augustus	0/12A	Mount Pleasant	LNP wen 9 – 1
17 Augustus	0/13A	Mount Pleasant	LNP wen 16 – 10 Speelster van die wedstryd: Nadia Fouché

NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
19 Augustus	0/12A/B	Excelsior A	LNP wen 14 – 3
19 Augustus	0/13B	Excelsior A	LNP verloor 6 – 12
22 Augustus	0/9A	Excelsior A	LNP wen 11 – 1 Speelsters van die wedstryd: Kemica Harth en Elri Smit
22 Augustus	0/10B	Excelsior A	LNP verloor 5 – 1 Speelster van die wedstryd: Cassidy Friend
22 Augustus	0/11 gemengde span	Excelsior A	LNP wen 4 – 1

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
20 Augustus	Senior A	Grey/Collegiate A	LNP verloor 3 – 24
20 Augustus	Senior B	Frans Conradie	LNP verloor met 6 potte

TRAMPOLIEN – OP PROEWE

Taleah van Deventer in graad 7D het op 3 Augustus aan die 2de OP-proewe in Trampolining deelgeneem en soos volg presteer:

- Euro Trampoline – silwer medalje
- Double Mini Trampoline – goue medalje

Sy is ook gekies om haar provinsie by die SA Gym Games in Kaapstad te gaan verteenwoordig, wat in die Septembervakansie gehou word.

Baie geluk!